Noordelike Sinode

Taakspan Leierskapontwikkeling

Verslag aan die Sinode

16-20 Oktober te Weesgerus

1. Opdrag

Om aan die volgende **drie** sake aandag te gee en die SDR met voorstelle te dien (2016 Sinode prioriteit) (Bylaag E):

- Hoe lyk leierskapsontwikkeling tans in die Noordelike Sinode?
- Die ontginning van bestaande en moontlike nuwe leierskapsontwikkelings geleenthede
- Die opstel van ‘n moontlike roetekaart tot 2020. (Die opdrag is deur die SDR verleng tot en met die volgende sindesitting, van 16-20 Oktober 2022 as gevolg van die Covid pandemie)

2. Afhandelingsdatum

- Die afhandelingsdatum is met die sinodesitting van Noordelike Sinode in 2020 maar die SDR bevestig jaarliks die opdrag tydens hulle laaste vergadering van die jaar in Oktober. Die opdrag is egter deur die SDR verleng tot en met die volgende sindesitting, van 16-20 Oktober 2022 as gevolg van die Covid pandemie.

3. Taakspanlede

Dr Jan Botha (voorsitter)
Ds Marius Cornelissen (leierskap ontwikkeling)

Ds Lize-Louise Schoeman (fasiliteerders)
Johan Oliver (logistiek en borgskappe)
Jan-Mari du Toit (skriba en kontak met student/dosente UP)
Dr Johan Laubscher (materiaal ontwikkeling)
Ds Christoph Muller (brugpredikante en retreats)
Ds Riaan Steyn (uit platteland, -konteks analise)
Ds Lourens van Deventer (Jeug)
Ds Paul Grobler en Dr Dewyk Ungerer woon ook die vergaderinge by.

4. Uitvoering van die opdrag

4.1 Die taakspan het 5 slypskole in 2018 gehou. Die verskillende groepe het bestaan uit die Moderatuur, Ringsvoorsitters, jonger predikante onder 40 jaar, ouer predikante bo 50 jaar en Ringskommissielede)
Daar is ook 4 slypskole in 2019 gehou vir die predikante bo 50 jaar, die bo 40 jaar, die onder 40 jaar en ‘n oop groep. Daar was ook beplan om nog 3 slypskole voor die sinodesitting in Oktober 2020 te hou maar as gevolg van die pandemie het dit nie plaasgevind nie.
4.2 Daar is ook 10 taakspan vergaderinge gehou gedurende die termyn.
4.3 Gesprekke is gevoer met Dr Kobus Myburgh van Kerkeie opleiding aan die Fakuteit van Teologie van die Universiteit van Pretoria asook met Dr Andre Bartlett van Excelsus (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) oor moontlike samewerking en kursusontwikkeling. Die taakspan het beplan om in Augustus 2018 ‘n oggendgeleentheid/seminar te hou waartydens twee moontlike sprekers sal optree. Die geleentheid sou in samewerking met Dr Andre Bartlett van Excelsus (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) aangebied word. Predikante van die vier sinodes sou uitgenooi word na die geleentheid. As gevolg van die Covid pandemie het dit egter nie plaasvind nie
4.4 Daar is ook gesprek gevoer word met Dr Andre Ungerer en Dr Frikkie Labuchagne van die Hervormde kerk oor moontlike samewering.
4.5 Gesprekke oor borgskappe is ook gevoer met Dr Leon Venter van Bybelmedia, Mnr Theo Smit van Sanlam, Me Elmarie Marx van Bestmed en met ‘n verteenwoordiger van AVBOB. Borgskappe is bekom vir die volgende 5 slypskole van 2019 en 3 van 2020

4.6 Die leierskapslypskole is **volhoubaar** bedryf. Om die projek volhoubaar te maak het ons ‘n belangrike vennoot in Bestmed gehad. Hulle het ‘n groot gedeelte van ons slypskole geborg en wil ook aan die einde van ons proses vir ons ‘n holistiese mediese en welwese profile opstel van die predikante wat die slypskole oor die afgelope 3 jaar bygewoon het. So profile sal van onskatbare waarde wees vir ons beroep en die welwese van ons predikantekorps.

4.8 Gereelde onderlinge koőrdinering met taakspanne van Mentoraatskap (Derick du Toit), Induksie (Lizl-Louise Schoeman), Brugpredikante (Christoph Muller), Predikante ontwikkeling (Roelf Opperman). Een so geleentheid het fisies plaasgevind maar daar is tog onderling geskakel oor toepaslike sake van belang.

5 Aanbevelings

- Bestmed se aanbod moet opgevolg word. Hulle het ‘n groot gedeelte van ons slypskole geborg en wil ook aan die einde van ons proses vir ons ‘n holistiese mediese en welwese profile opstel van die predikante wat die slypskole oor die afgelope 3 jaar bygewoon het. So profile sal van onskatbare waarde wees vir ons beroep en die welwese van ons predikantekorps.

  Aanbeveling

- ‘n Versoek word gerig dat die Sinode/SDR so spoedig aandag gee dat daar omvattend, holisties en dringend aan die of ‘n ander taakspan gegee word wat kan fokus op selfsorg by predikante.

  Aanbeveling

6 Slotwoord

‘n Woord van opregte dank aan:

- die Sinode/SDR vir hulle ondersteuning.

- ons taakspanlede vir hulle passie, kreatiwiteit en onbaatsigtige harde werk en insette! In besonder vir Johan Olivier asook Paul Grobler, Hermien Swart en Naomie Kruger van die sinodehuis
- die **121 predikante** wat die **9** slypskole bygewoon het.
- Riane van der Walt en die personeel van Mackouwkuil Lodge
- Veronica en Elmarie Marx van Bestmed vir die persoonlike gesprekke en daar-wees.
- Ons borge Bybel Media, Sanlam en Bestmed.

Dr Jan Botha
(Voorsitter van die Taakspan Leieskapontwikkeling van Noordelike Sinode)